Voorsitter van die Kerkraad.

Liewe CLF-vriende

Vanjaar vier Christelike Lektuurfonds ons 61ste jaar van bediening. Bediening aan gemeentes en individue oor ons hele land wat vennote van ons droom geword het - om die Woord van God na mense te neem - in hulle eie taal.

Letterlik miljoene lewensveranderende pamflette is sedert 1957 versprei! Die oorspronklike fokus van suiwer evangelisasiemateriaal, is ook uitgebrei na lektuur wat sosiale kwessies aanspreek en om geestelike waardes by mense te vestig.

Duisende verhale vertel van mense wie se lewe aangeraak is: Hulle wat tot

geloof in die Here gekom het; mense wat weer hoop gekry het na die lees van 'n pamflet wat op die mees onverwagte plek oor hul pad gekom het; mense wat hulp gevind het op hulle probleme - hetsy sosiaal of geloofskwessies. Kinders wat hulp kry omdat hulle hulp in die hand het op probleme wat vandag in ons skole seëvier.

Maar benewens die pamfletbediening het CLF ook reeds met die hulp van getroue mede-gelowiges, ons vennote, net duskant 90 000 Kinderbybels in sewe verskillende tale versprei.

Julle gemeente word genooi om vennote van ons bediening te wees. Christelike Lektuurfonds wil graag tot hulp wees in julle dienswerk. Daarom is gratis, Bybelsgefundeerde pamflette beskikbaar in 19 tale. Reik uit na ander met 'n boodskap van hoop, wat die behoefte ook al is: Evangelisasie, geloofsgroei, gemeentetoerusting, maatskaplike vraagstukke of pamflette vir kinders. Die jongste tema wat aangeraak word is selfwaarde by kinders om die voorkoms van selfdood onder jong kinders op dié manier aan te spreek.

Christelike Lektuurfonds vra ook vriendelik vir julle voortgesette ondersteuning. Soos gemeentes en kerke oor ons hele land dit 60 jaar gelede gedoen het.

Ons vra die Kerkraad om 'n Sondag in 2019 vas te stel waarop 'n deuroffer of spesiale insameling in julle gemeente gehou kan word. Laat weet ons asb op watter datum in 2019 dit DV sal wees. Ons sal dan meer inligting vir gebruik op daardie dag, aanstuur.

Vriendelike groete

Charmaine Stoffberg
BEDRYFSBESTUURDER

NS: Laai gerus CLF se jongste Power Point aanbieding ***hier*** af. Kliek op "Equipment for congregations" en die 2018 Powerpoint sal heel bo wees om af te laai. Dit is veral geskik om voor die erediens aan gemeentelede gewys te word. Dit verskaf nie net meer inligting oor CLF nie, maar ook hoe mense

betrokke kan raak.

Klik hier vir die Deurkollekte vorm

Facebook Twitter Link Website LinkedIn Pinterest YouTube

Copyright © 2018 Christian Literature Fund, All rights reserved.
You are receiving this email because you opted in via our website.

Our mailing address is:
Christian Literature Fund
Oude Pont Street 19
Wellington, Wc 7655
South Africa

Want to change how you receive these emails?
You can update your preferences or unsubscribe from this list.